

Publication: Burger,Die(Wes-Kaap) (Forum)
Publication Date: 09 Aug 2017
Page: 11

AVE: 17395.39
Circulation: 41700
Part: 1 of 1

# Bestryding van gender-onreg is álmal se plig

**Godsdiens Aktueel**

Nico Koopman



Die stryd om gender-geregtigheid is nie die verantwoordelikheid van net vroue nie. Die afbreek van klassisme is die taak van mense van alle sosio-ekonomiese groeperinge, en diskriminasie op grond van gestremdheid word eweneens oorwin waar nie-gestremde en gestremde mense saamwerk.

En net soos ras-geregtigheid gestalte kry waar mense van alle etniese groeperinge saamwerk, kry gender-geregtigheid gestalte as mans en vroue saamwerk.

Jare gelede het die toenmalige Wêreldbond van Gereformeerde Kerke 'n program begin wat fokus op die vennootskap tussen mans en vroue om gender-onreg te bestry.

Die Duitse teoloog Jürgen Moltmann het jare gelede 'n sogenaamde "masculine theology of liberation" bepleit. Ware bevryding kry net gestalte waar mans nie apaties staan teenoor en selfs bedreig voel deur die stryd om gender-geregtigheid nie.

> **Ware gender-geregtigheid kry gestalte as mans en vroue saamwerk.**

Vir my is dit 'n aangename ervaring as nie net swart, bruin en Indiërs oor etniese diversifisering praat nie, maar as wit mense ook daardie sake aan die orde stel.

Dit krap my om as diversiteit- en transformasiekomitees met mense uit die sogenaamde aangewese groeperinge gelaai word.

Soms gebeur dit omdat die samestellers nie wit mense vertrou of meen hulle het nie genoegsame transformasiebevoegdheid nie.

Ander kere omdat hulle dink transformasie is hoofsaaklik mense uit benadeelde kontekste se uitdaging en verantwoordelikheid.

In hierdie vennootskap vir diversifisering, transformasie en gender-geregtigheid moet die stem van die mees weerlose, die veronregte en die gemarginaliseerde voorkeur geniet.

Die kennis en verstaan, ervaringe en insigte, gesigspunte en aanvoeling van veronregtes moet die rigting van ons gesprekke, beleide en praktyke bepaal. Geleerdes noem dit die epistemologiese voorkeur van veronregtes, die voorkeur van die episteme, die kennis en insigte, van veronregtes.

Die Peruaanse bevrydingsteoloog Gustavo Gutiérrez voer aan dat hierdie voorkeur van veronregtes nie 'n eksklusiewe en uitsluitende voorkeur is wat impliseer dat mans se stemme uitgedoof word nie. Dit beteken egter wel dat vroue se stemme, ervaringe en belewenisse in die vennootskap van mans en vroue vir gender-geregtigheid voorkeur moet geniet.

Die vermaarde Suid-Afrikaanse teoloog Wentzel van Huyssteen het gepleit dat geloof en wetenskap 'n duet moet sing en nie in 'n tweestryd moet verkeer nie. In die soeke na gender-geregtigheid is hierdie duet van mans en vroue so noodsaaklik.

Die vennootskap en samewerking van mans en vroue vir gender-geregtigheid, met die klem op gepaste voorkeur aan vrouestemme, is 'n weg wat ons met die viering van Nasionale Vrouedag opnuut kan omarm.

**Koopman is 'n teoloog en viserektor van die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.